



ALGEMENE TOESTEMMING EN VRYWARINGSBRIEF VIR AKTIWITEITE EN UITSTAPPES

As deel van die buite-kurrikulêre program en totale leerervaring, bied Naskool@Rakkers leerders die geleentheid om indien van toepassing, aan 'n aktiwiteit of uitstappie deel te neem. Alhoewel die Naskool sal poog om redelike en algemeen aanvaarde standaarde te handhaaf om die veiligheid en welstand van alle leerders en opvoeders te verseker, kan die moontlikheid dat ongelukke en/of beserings plaasvind nooit uitgesluit word nie. Die deelname aan so 'n uitstappie hou dus 'n mate van 'n risiko in. Uiteraard kan die skool nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige ongeluk en/of enige besering wat tydens so geleentheid plaasvind nie (growwe nalatigheid uitgesluit).

Om te verseker dat u kind toegelaat word om deel te neem aan 'n aktiwiteit en/of uitstappie word u versoek om die onderstaande gedeelte te voltooi as bewys dat u die posisie van die Naskool verstaan en aanvaar.

Ek, die ondergetekende en wettige ouer/voog van _____
gee hiermee toestemming dat hy/sy aan alle Aktiwiteite en uitstappies soos van tyd tot tyd deur die Naskool gereël en georganiseer, mag deelneem.

Verder vrywaar ek voorlopig Naskool@Rakkers en sy personeel vir enige verliese of skadevergoeding in die algemeen, absoluut en onherroeplik van enige aanspreeklikheid (growwe nalatigheid uitgesluit) wat mag ontstaan gedurende of as gevolg van die meemaak van die aktiwiteit of uitstappie.

Ek gee ook toestemming dat bogenoemde leerder mag deelneem aan alle normale aktiwiteite wat gewoonlik gepaardgaan met soortgelyke uitstappies, en ek gee toestemming dat hy/sy gebruik kan maak van die vervoer soos deur die skool gereël. Ek vrywaar ook die skool vir enige skade of verliese wat ek as ouer/wettige voog van bogenoemde leerder onder sulke omstandighede kan ly en aanvaar die risiko's daaraan verbonde.

Ek verklaar verder dat, na die beste van my wete, genoemde kind nie aan enige aansteeklike siekte ly nie. Ek wil ook die volgende mediese of ander omstandighede onder die aandag bring van die organiseerders en/of opvoeders wat verantwoordelik is vir die aktiwiteit of uitstappie, wat te alle tye in ag geneem moet word tydens bogenoemde leerder se deelname aan die aktiwiteit of uitstappie.

Ek gee toestemming aan die organiseerders/personeel om enige mediese behandeling wat nodig mag wees, toe te pas.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20__.

GETUIE 1

GETUIE 2

OUER / VOOG

BELANGRIKE INLIGTING OM TE VOLTOOI

NAAM & VAN OUER/VOOG _____

ADRES _____

TELEFOONNOMMERS (H) _____ (W) _____

(S) _____

MEDIESEFONDS (Naam) _____

NAAM VAN HOOFLID _____ NR _____

ID NR VAN HOOFLID _____ ID NR LEERDER _____

Wie is verantwoordelik vir mediese rekening indien geen mediese fonds beskikbaar is nie?

Naam en telefoonnommer van **enige ander persoon**, indien die ouer/voog in 'n noodsituasie nie opgespoor kan word nie.

NAAM & VAN _____

VERWANTSKAP _____

TELEFOON (1) _____

TELEFOON (2) _____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG